Toetrede

Liturgie van die Lig

In Praise of Self-Deprecation

The buzzard has nothing to fault himself with.
Scruples are alien to the black panther.
Piranhas do not doubt the rightness of their actions.
The rattlesnake approves of himself without reservations.

The self-critical jackal does not exist.
The locust, alligator, trichina, horsefly
live as they live and are glad of it.

The killer whale's heart weighs one hundred kilos
but in other respects it is light.

There is nothing more animal-like
than a clear conscience
on the third planet of the Sun.

Wislawa Szymborska (born 1923)
(Wenner van die 1996 Nobel prys vir Letterkunde.)

Woorddiens

Lesing 1: 2 Samuel 1:1,17-27 (1953)

1 EN ná die dood van Saul, toe Dawid terug was van die verslaan van die Amalekiete en Dawid twee dae in Siklag gebly het,
17 TOE het Dawid hierdie klaaglied aangehef oor Saul en oor sy seun Jónatan,
18 en hy het beveel om die kinders van Juda die Booglied te leer; kyk, dit is geskrywe in die Boek van die Opregte.
19 Die sieraad, o Israel — op jou hoogtes lê dit verslaan. Hoe het die helde geval!
20 Vertel dit nie in Gat, verkondig dit nie op die strate van Áskelon nie, sodat die dogters van die Filistyne hulle nie verheug, die dogters van die onbesnedenes nie jubel nie!
21 Berge van Gilbóa, mag op julle geen dou en geen reën en geen velde van offergawes wees nie! Want daar is die skild van die helde weggegooi, die skild van Saul, sonder dat dit met olie gesalf is.
22 Sonder die bloed van die gesneuweldes, sonder die vet van die helde het die boog van Jónatan nie agteruitgewyk en die swaard van Saul nie leeg teruggekeer nie.
23 Saul en Jónatan, die bemindes en lieflikes, is in hulle lewe en in hulle dood nie geskeie nie. Vinniger as arende was hulle, sterker as leeus.
24 Dogters van Israel, ween oor Saul, wat julle weelderig beklee het met skarlaken, wat goue versiersels aangebring het op julle gewaad.
25 Hoe het die helde geval diep in die geveg! Jónatan lê verslaan op jou hoogtes.
26 Ek is benoud om jou ontwil, my broer Jónatan! Jy was vir my baie lieflik; jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van vroue.
27 Hoe het die helde geval en die oorlogswapens verlore gegaan!

Broodjies vir die Pad

… according to David B. Barrett, author of the *World Christian Encyclopedia*, global Christianity has experienced an explosion of what he calls “neo-apostolic” movements. Distinct from traditional Protestants, and numbering about 400 million Christians in 20,000 “movements,” neo-apostolic believers “reject historical denominationalism and restrictive or overbearing central authority.” Barrett estimates they will constitute 581 million members by the year 2025, 120 million more than all Protestant movements. In two decades these sectarian movements will outnumber Orthodox and Protestant Christians and be almost half the size of worldwide Catholicism.

http://www.journeywithjesus.net/Essays/20120618JJ.shtml

◆◆◆

Few stories are better known than the classic tale of the young hero, David, who confronts and defeats his more powerful opponent, Goliath.

- As a *legend* about the rise of the future ruler, this is a key story for the people compiling the narrative that runs from Joshua to 2 Kings.
- As a *folk tale* it has many of the hallmarks of oral literature, celebrating the natural wit and courage of the rustic over the power and skill of the oppressor.
- As a *religious story* it celebrates trust in divine assistance rather than one's own capacity.
- As a *moral tale* it is weakened by its acceptance of violence, including the decapitation of a wounded opponent and the grisly display of his severed head.
- As a *historical account* it suffers from several problems, including the claim that David took Goliath's head to Jerusalem (still a Jebusite stronghold at the time) and a conflicting claim for the honour of having slain Goliath (see 2Sam 21:19).
- As a literary text, the Hebrew manuscript tradition reflects extension elaborations not attested in the Greek version (17:12-31, 50, 55-58 and 18:1-5) and which seem to confuse the story.

http://wiki.faithfutures.org/index.php?title=Proper_12B

◆◆◆

The reality of death set in motion Martin Heidegger's magnum opus, Being and Time. The reality that at some point each one of us will no longer exist in this life, which is all we have ever known concretely, is a jolt that re-shuffles how we use whatever time we have. Therefore, Heidegger concludes, we can "choose" to live life as fully as we can; we can"own" it and ourselves as fully as possible. He writes of "an impassioned freedom towards death" -- a freedom which frees us from the illusion of just going-along-to-get-along, the freedom to become deeply and passionately involved in the world and with others.

http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/06/proper-8-year-b.html

tussen gaan en bly

('n brief vir Octavio Paz as antwoord op Entre irse y quedarse)

hier op Melkbos huiwer alles tussen gaan en bly
die winterson steeds verlief op die see se glans

die lang strand is nou 'n baai met wandelpaaie
waarlangs die dorpie stil soos 'n eier blink

alles is ver: Tafelberg en bote en meeue
alles is naby en ontwykend vir enige aftasting

by die Damhuis sit ons as digters bymekaar
die biefstuk, die vis, die wyn rus in hul name se kleur

kinders herhaal ons jare wat was
woorde met geen verband val los oor die tafels

die lig verander die tuinbeelde in 'n teater
terwyl karre verbyskuur na ander bestemmings

ek ontdek myself in jou oog Octavio
soos bloed vloei die dag se hart na sy einde

op pad huistoe verdwyn die kus in hawens en valleie
ons het gekom en ja, ons het gegaan: 'n asemreis ver

marlise joubert. Junie, 2012

Brood vir die Pad

Swem in die wetenskap, stap in die kunste

deur Wilhelm Jordaan

Oor die driemalige Nobelprysbenoemde prof. Phillip Tobias se wetenskaplike erflating in 'n verskeidenheid vakgebiede én sy besondere mensheid is die laaste dae baie soorte openbare hulde gebring.

Minder opvallend was die manier waarop Tobias die digterlike verbeelding aangewend het, byvoorbeeld in sy paleontologiese navorsing en skryfwerk.

Om daarmee die fyn didaktiek van klippe, gesteentes en beendere bloot te lê – amper asof hy Wilma Stockenström se gedig "Klip" sy eie gemaak het: "… my klip, my klip, sê my in jou stomheid wat jy bewaar."

Juis dié manier van kyk het Tobias gehelp om die verband tussen suiwer wetenskapsbeoefening en 'n sin vir die heilige te snap en uit te leef, soos hy dit self vertel in sy Into the Past – A Memoir.

As skoolseun was hy 'n honger leser wat alles verslind het. Wat hom veral bekoor het, was hoofstuk 37 van die Bybelse profeetboek Esegiël.

Waar God die profeet na 'n vallei vol bene bring en onder meer vra:

"Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?" En dan sê God: "Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: 'Hoor die woord van die Here, droë bene!' Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is."

Jare later is hy in sy navorsing keer op keer aan die bekoring van dié tekste herinner terwyl hy in die verbeelding die bene "geklee" het met ligamente, senings en spiere én in beweging laat kom het.

Om "profete-werk" te inspireer het hy gereken 'n geraamde afdruk van Esegiël 37 behoort in elke antropologie-laboratorium teen 'n muur te pryk.

Die waarde van literêre verbeelding het by Tobias ook neerslag gevind in 'n lewenslange veldtog om wetenskaplikes te oortuig hoe belangrik verbeeldingryke kommunikasie met die leke-publiek is.

Sodat gewone mense die reëls van wetenskaplike denke kan verstaan, opgewonde raak daaroor en ook aanwend in hul beoordeling van bewerings en bevindings.

Goeie wetenskapskrywers was volgens hom "blessed mortals who are amphibious enough to swim in the sciences and walk in the arts".

Juis omdat hy self 'n "geseënde sterflike" en so wyd onderlê in 'n verskeidenheid vakgebiede was, het hy verstaan hoe dit wat enorm is (die aarde, sterre, sonne, die uitdyende kosmos) en dit wat klein is (partikels, atome, kwarke, leptone, gene, vroeë lewensvorme, mense, gemeenskappe, samelewings) 'n patroon van fyn ewewig vorm.

Alles byeengebring in verwonderende ontsag oor die Groot Samehang waarin lewe ook lewe gee…

onverwante dinge is verwant
in die hologram van God
mens buffel ametis
arend roos koelakant

http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Swem-in-die-wetenskap-stap-in-die-kunste-20120612

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877